

# ST. MONICA
# 27 AUGUSTUS

(332-387)

Hierdie besonderse vrou en moeder van die heilige Augustinus, was ‘n lewende bewys van die krag van gebed. Haar heidense man was geen maklike mens nie en haar geliefde seun het as jongman die pad lelik byster geraak. Ten spyte van die beproewinge wat hulle haar veroorsaak het en die geweldige uitdagings wat hul leefwyse en lewenskeuses aan haar geloof gestel het, het sy onvermoeid volhard in gebed en bly glo dat hul lewens uiteindelik deur God aangeraak sal word. Haar man sterf as berouvolle Christen en haar seun word een van die belangrikste teoloë wat die Kerk nog ooit opgelewer het. Deur die eeue heen is sy altyd voorgehou as die voorbeeld van volmaakte moederskap en haar hemelse voorbidding het menige moeders bygestaan.

© Die Oratorium Uitgewery